Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2023

GESKIEDENIS V1

PUNTE: **150**

TYD: **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en ʼn addendum van 14 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument.

   AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

   VRAAG 1: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

   VRAAG 2: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940

   VRAAG 3: IDEES VAN RAS IN DIE LAAT 19de EN 20ste EEU

   AFDELING B: OPSTELVRAE

   VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

   VRAAG 5: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940

   VRAAG 6: IDEES VAN RAS IN DIE LAAT 19de EN 20ste EEU

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet ŉ brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet ŉ opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf ŉ brongebaseerde vraag óf ŉ opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

VRAAG 1: WAT WAS DIE IMPAK VAN LENIN SE NUWE EKONOMIESE BELEID OP DIE RUSSIESE EKONOMIE?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Definieer die konsep *Oorlogskommunisme* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.2 Lys VIER bewysstukke uit die bron wat daarop dui dat die Oorlogskommunisme beleid ŉ ramp vir Rusland was. (4 x 1) (4)

1.1.3 Verduidelik waarom jy dink Lenin Oorlogskommunisme ingestel het. (2 x 2) (4)

1.1.4 Wat was die impak van die Kronstadt-rebellie van 1921 op die kommunistiese bewind in Rusland? (2 x 2) (4)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Wat, volgens die bron, was die belangrikste vereiste van die NEB? (1 x 2) (2)

1.2.2 Definieer die konsep *denasionalisering* in die konteks van die Nuwe Ekonomiese Beleid. (1 x 2) (2)

1.2.3 Noem TWEE gevolge wat die toegewing van die NEB op die Russiese ekonomie gehad het. (2 x 1) (2)

1.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom Stalin teen 1929 besluit het om die NEB te laat vaar. (2 x 2) (4)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Haal DRIE bewysstukke uit die bron aan wat daarop dui dat die NEB ŉ kapitalistiese ekonomiese beleid was. (3 x 1) (3)

1.3.2 Lewer kommentaar op die stelling: “Vir die handelaars het die NEP ŉ geleentheid gebied en die aanbreek van beter dae beteken.” (2 x 2) (4)

1.3.3 Verduidelik die betroubaarheid van hierdie bron vir geskiedkundiges wat die impak van Lenin se Nuwe Ekonomiese Beleid in Rusland tussen 1921 en 1928 navors. (1 x 2) (2)

1.4 Bestudeer Bron 1D.

1.4.1 Hoeveel miljoen ton graan is in 1927 geoes? (1 x 1) (1)

1.4.2 Verduidelik waarom jy dink die landbouproduksie in 1928 so hoog was. (2 x 2) (4)

1.4.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die impak van Oorlogskommunisme op nywerhede in Rusland tussen 1918 en 1922. (2 x 2) (4)

1.5 Verduidelik hoe die inligting in Bron 1A die bewyse in Bron 1D ondersteun rakende die impak van Oorlogskommunisme op die Russiese ekonomie. (1 x 2) (2)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy die impak van Lenin se Nuwe Ekonomiese Beleid op die Russiese ekonomie verduidelik. (6)

[50]

VRAAG 2: WATTER MAATREËLS HET ROOSEVELT INGESTEL OM DIE WERKLOOSHEIDSPROBLEEM OP TE LOS WAT DEUR DIE GROOT DEPRESSIE IN DIE VSA IN DIE 1930's VEROORSAAK IS?

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Definieer die konsep *Groot Depressie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.2 Wat, volgens die bron, was die gevolge van die Groot Depressie op die VSA? (4 x 1) (4)

2.1.3 Watter gevolgtrekking kan gemaak word uit president Hoover se stelling: "Die krisis was net 'n verbygaande voorval in ons nasionale lewens"? (2 x 2) (4)

2.1.4 Verduidelik wat geïmpliseer word met die stelling: "Roosevelt se Nuwe Bedeling het die verhouding van die federale regering met die Amerikaanse publiek permanent verander." (2 x 2) (4)

2.1.5 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom die Amerikaanse publiek Franklin Delano Roosevelt as hul president verkies het. (2 x 2) (4)

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Gee EEN rede uit die bron waarom hulpprogramme tydens die Groot Depressie ingestel is. (1 x 2) (2)

2.2.2 Lys enige TWEE programme uit die bron wat deur Roosevelt ingestel is om die ekonomiese ineenstorting van die VSA te stop. (2 x 1) (2)

2.2.3 Lewer kommentaar oor hoe die Emergency Banking Act vertroue in die Amerikaanse banksektor teweeggebring het. (2 x 2) (4)

2.2.4 Verduidelik hoe die FERA verligting vir duisende Amerikaners teweeg gebring het. (1 x 2) (2)

2.3 Bestudeer Bron 2C.

2.3.1 Noem TWEE openbare werke infrastruktuur projekte wat die WPA aangepak het om die werkloosheidskwessie aan te spreek. (2 x 1) (2)

2.3.2 Hoe ondersteun die WPA en FERA mekaar rakende die doelstellings van die Nuwe Bedeling? (1 x 2) (2)

2.3.3 Hoe dink jy het die eienaars van groot besighede gereageer op Roosevelt se Nuwe Bedeling? (2 x 2) (4)

2.4 Raadpleeg Bron 2D.

2.4.1 In watter jaar was die werkloosheidsyfer die hoogste? (1 x 2) (2)

2.4.2 Wat vertel die grafiek jou oor die impak van die Nuwe Bedeling op werkloosheid tussen 1933 en 1937? (1 x 2) (2)

2.4.3 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir geskiedkundiges wat die impak van die Nuwe Bedeling op werkloosheid tydens die Groot Depressie in die VSA navors. (1 x 2) (2)

2.5 Verduidelik hoe die bewyse in Bron 2D die inligting in Bron 2C rakende werkloosheid tydens die Groot Depressie ondersteun. (1 x 2) (2)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy die maatreëls wat Roosevelt geïmplementeer het om die werkloosheidsprobleem wat deur die Groot Depressie in die VSA in die 1930's veroorsaak was verduidelik. (6)

[50]

VRAAG 3: HOE HET DIE NAZI'S MINDERHEIDSGROEPE IN DUITSLAND TUSSEN DIE 1930's EN 1940's VERVOLG?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die volgende vrae.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Definieer die konsep *anti-Semitisme* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.2 Hoe, volgens die bron, het Hitler demokrasie in Duitsland in 1933 beëindig? (2 x 1) (2)

3.1.3 Deur gebruik te maak van die inligting in die bron en jou eie kennis, verduidelik waarom Duitsland in 1933 'n ekonomiese krisis beleef het. (1 x 2) (2)

3.1.4 Lewer kommentaar op die redes vir die Nazi se haat teenoor die Jode. (2 x 2) (4)

3.2 Lees Bron 3B.

3.2.1 Wat, volgens die bron, was die funksie van die Genadedood-program in Duitsland? (1 x 2) (2)

3.2.2 Lys DRIE kategorieë individue wat die Genadedood- program uit die Duitse bevolking wou uitskakel. (3 x 1) (3)

3.2.3 Definieer die konsep *eugenetika* in die konteks van die Nazi-rassebeleide. (1 x 2) (2)

3.2.4 Verduidelik wat geïmpliseer word met die stelling: "Gestremdes verteenwoordig 'n genetiese en 'n finansiële las op die Duitse samelewing". (2 x 2) (4)

3.2.5 Verduidelik waarom die Genadedood-program as 'n skending van menseregte gesien kan word. (2 x 2) (4)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Noem die DRIE kategorieë mense wat as die sigeuners bekend gestaan het. (3 x 1) (3)

3.3.2 Hoe, volgens die bron, is die sigeuners in die Auschwitz-konsentrasiekamp vermoor? (2 x 1) (2)

3.3.3 Watter opsies, dink jy, het die sigeuners gehad om sterilisasie in Duitsland te vermy? (2 x 2) (4)

3.3.4 Verduidelik hoe gedwonge sterilisasie tot die skepping van 'n meesterras in Duitsland in 1930's bygedra het. (2 x 2) (4)

3.4 Lees Bron 3D.

3.4.1 Verduidelik die boodskappe wat die fotograaf oor Duitsland se rassebeleid in die 1930's probeer oordra. (1 x 2) (2)

3.4.2 Verskaf EEN rede waarom Hitler se Genadedood-program nie geregverdig kan word nie. (1 x 2) (2)

3.5 Vergelyk Bron 3B en Bron 3D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 3D die inligting in Bron 3C rakende Hitler se Genadedood-program ondersteun. (1 x 2) (2)

3.6 Gebruik die inligting uit die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer ses reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Nazi's minderheidsgroepe in Duitsland tussen die 1930's en 1940's vervolg het. (6)

[50]

AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel behoort ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940: GEVALLESTUDIE – STALIN SE VYFJAARPLANNE

Verduidelik tot watter mate Stalin se vyfjaarplanne die Sowjetunie teen die einde van 1939 vanaf ŉ agterlike land na ŉ supermoondheid verander het.

Gebruik relevante historiese bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

VRAAG 5: KOMMUNISME IN DIE VSA: GEVALLESTUDIE – GEVOLGE VAN DIE GROOT DEPRESSIE

Bespreek krities hoe Amerika, Japan en Duitsland op die sosiale impak van die Groot Depressie op hul onderskeie lande gereageer het. **[50]**

VRAAG 6: IDEES VAN RAS IN DIE 19de EN 20ste EEU: GEVALLESTUDIE – HITLER EN DIE JODE.

Die Nazi's het die idee van ŉ 'suiwer Ariese ras' gebruik om die menseregte van die Jode in Nazi -Duitsland, vanaf 1933 tot 1945, te skend.

Stem jy saam met hierdie stelling? Gebruik relevante historiese bewyse om jou gedagtegang te ondersteun. **[50]**

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou